

## Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd

Lambrechtstraat, Hugenoot  
Paarl, Suid Afrika

+27 21 877 5300

infos@yara.com

www.yara.co.za

Bedryfskantore  
in meer as  
**50**  
lande



Verkope  
in meer as  
**150**  
lande

Yara se teenwoordigheid in die mark sluit 'n globale netwerk van kantore in meer as 50 lande sowel as verkope in meer as 150 lande in. Die maatskappy het 'n sterk produksie- en bemarkingbasis in Europa. Yara het sy teenwoordigheid baie uitgebrei in Noord- en Suid-Amerika met veral 'n sterk verteenwoordigheid in Brasilië asook Australië, maar is ook tans besig om uit te brei in Afrika en Asië.

### Kennis van die mark

Yara bied 'n wye verskeidenheid van oplossings vir boerderye en ander bedryfsrigtings oor die hele wêreld en benut sy ondervinding en kennis om oplossings doelspesifiek volgens plaaslike behoeftes aan te pas. Yara se omvattende portefeulje van minerale, kunsmistowwe en oplossings ondersteun volhoubare landbou en dek die noodsaaklike voedingsbehoefte van 'n wye verskeidenheid gewasse.

### 'n Maatskappy wat 'n verskil maak

Yara het hom tot 'n volhoubare toekoms verbind. Ons skep waarde deur winsgewende en volhoubare groei te bevorder wat op kliënte, aandeelhouders en die samelewing gerig is. Hierdie waarde stel Yara in staat om 'n verskil te maak. Die suksesvolle belyning van Yara se huidige en toekomstige kernbesigheid met globale uitdagings, sal die maatskappy se posisie versterk en 'n volhoubare mededingende voordeel skep. Yara maak 'n verskil deur sy betrokkenheid by drie onderling verwante fokusareas: voedselsekureit, hulpbronbestuur en omgewingskwessies. Dit plaas Yara in 'n unieke posisie om lewensvatbare besigheidsooplossings vir wêreldwye uitdagings te ontwikkel.



Knowledge grows

# Canola van gehalte


Canola is een van die gewasse wat die vinnigste groei en biomassa vorm. Daarom is die gewasse voedingsbehoefte baie groot.



Spoorelement	Spoorelementinhoud mg/kg	Spoorelementverwydering g/ha
Boor (B)	20-40	250-500
Koper (Cu)	4-6	30-60
Yster (Fe)	50-80	350-800
Mangaan (Mn)	25-40	1300-2500
Molibdeen (Mo)	0.4-0.6	12-25
Sink (Zn)	25-35	400-700

### Groefases en voeding van canola

By aanplanting	25 - 30 dae (30-60kg N/ha)	Begin Stamverlenging
Turbophos	Kysan	Kysan
Geoflo 32	Amiplus SS	Amiplus SS
Alpha Magic	Amiplus SS	Amiplus SS



### YaraVita™ blaartoedienings speel 'n belangrike rol in volledige voeding

Canola kan nie altyd voldoende voeding uit die grond opneem nie al word groot hoeveelhede kunsmis in die grond ingewerk.

Blaartoedienings kan hierdie probleem help voorkom maar die sukses daarvan hang af van die toediening van die optimale hoeveelheid van die ontbrekende voedingstowwe op die regte tyd. Hierdie kennis word gegrond op 'n deeglike begrip van die rol en behoeftes van elke element in die plant in die belangrikste fases van die groeiseisoen.



YaraVita™ mikro-elemente se rol in volledige plantvoeding:

Rosetstadium	10% blom
Bortrac	Bortrac
Mancozin	Mancozin
Molytrac	

### Funksies van belangrikste voedingstowwe:

#### Makro-elemente:

##### Stikstof

Vegetatiewe groei, chlorofil en proteïensintese  
Krities: Alle fases tot en met saadvorming.

##### Fosfor

Wortelontwikkeling, fotosintese, respirasie, produksie, blom, rypwording en genetiese kwaliteit.  
Krities: Alle fases.

##### Kalium

Beweging van stikstof, optimale funksionering van huidmondjies, plantsterkte (sterk selwande) en proteïensintese.  
Krities: Alle fases en die translokasie na die saad in later fases.

##### Kalsium

Selgroei en proteïensintese.  
Krities: Alle fases.

##### Magnesium

Dis die hart van die komplekse chlorofilmolekule wat noodsaaklik is vir fotosintese, proteïensintese en die verplasing van fosfor.  
Krities: Tydens die meeste groeifases.

##### Swael

Chlorofilsintese is die boustone vir die aminosure wat verantwoordelik is vir proteïen.  
Krities: Tydens alle vegetatiewe ontwikkelingsfases.

### Die belangrike rol van boor

#### Die simptome van 'n boortekort

Vertraagde groei, verdikte stamme met nekrotiese krakies, stam kan hol wees. Klein en nekrotiese blare. Vertraagde en swak blomvorming kan lei tot 'n verlaging in opbrengs. Belangrik vir die plant in die sleutelfases van die groeiseisoen.



#### Mikro-elemente:

As die plant 'n tekort aan net een van die spoorelemente het, sal die plant ook nie die ander voedingstowwe – mikro en makro – optimaal te kan benut nie, selfs al is dit in voldoende

#### Yster

Chlorofilvorming en gesonde vegetatiewe groei.  
Krities: Alle vegetatiewe groeifases.

#### Koper

Chlorofilvorming in plante, dien as katalisator in fotosintese en respirasie.  
Krities: Van ontkieming tot blom.

#### Mangaan

Chlorofilsintese, fotosintese, suurstofontwikkeling en die aktivering van ensieme.  
Krities: Vegetatiewe fases tot en met blom.

#### Sink

Noodsaaklik in ensiemaktiwiteit tydens proteïensintese.  
Krities: Van vegetatiewe fase tot korrelset.

#### Boor

Belangrik vir selverdeling, verlenging en metabolisme van groeihormone. Belangrik in die opname van kalsium.  
Krities: Alle vegetatiewe fases, maar baie belangrik tydens blomvorming.




#### Molibdeen

Noodsaaklik vir die benutting van stikstof, katalisator in die reduksie van stikstofopname en proteïensintese.  
Krities: Alle vegetatiewe fases tot na korrelset.



### YaraVita™ Bortrac 150 kan opbrengs verbeter



#### Proefperseel

Manitoba, Kanada, 2000. Toedienings-tyd en hoeveelheid: 2.0 L/ha Bortrac tydens "early bolting" toegedien